# HANDVAARDIGHEID (B)

## Graad 5

## A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Toe te rus met vaardighede wat hy kan gebruik om iets te skep.
2. Die genot van skepping te laat ervaar.

## B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Tien verskillende tegnieke bespreek, wat gebruik kan word om bruikbare of mooi artikels te vervaardig.
2. Bewus gemaak word dat ŉ artikel gerestoureer, herstel en weer bruikbaar gemaak kan word, byvoorbeeld ŉ ou stoel afskuur en weer verf of vernis.
3. Uit iets onbruikbaar weer ŉ bruikbare artikel maak (herwinning) byvoorbeeld van ŉ gordyn ŉ mooi kussing maak, van ŉ leë blikkie ŉ blompot maak.
4. Kennis dra van die versorging van toerusting en dat materiaal versigtig gebruik moet word om skade te voorkom, byvoorbeeld kwaste wat vir gom gebruik was moet skoongemaak word, gips word gou droog, kleurstowwe bemors klere en kerswas brand.
5. ŉ Keuse van **drie** artikels uit die volgende lysie maak en dan drie verskillende tegnieke gebruik om die artikels te maak of te versier: Minstens een van die tegnieke moet vir die kind nuut wees.
   - ŉ drasak, kledingstuk of tekkies versier.
   - iets nuttigs maak vir die slaapkamer.
   - ŉ mooi muurbehangsel skep.
   - ŉ kussingoortreksel maak.
   - ŉ skinkbordlappie maak.
   - ŉ sleutelhouer maak.
   - ŉ pot vir die tuin versier.
6. ŉ Gesamentlike uitstalling hou van al die artikels.

## C AANBIEDING

1. Voorafbeplanning saam met die Offisier is uiters noodsaaklik.
2. Samewerking van die ouers moet vooraf verkry word, aangesien daar kostes aan verbonde is.
3. ŉ Uitstalling kan ŉ baie mooi en bevredigende geleentheid wees, wanneer die ouers kom kyk en die toetsoffisier die finale evaluering doen.

Voorbeelde van tegnieke:

| | | | |
|---|---|---|---|
| hekel | lapverf | servetkuns | découpage |
| borduur | knoop-en-doop | kralewerk | verftegnieke |
| gipsvorms | aartappeldruk | hars | leerwerk |

D Hulpmiddels

1. Maak van kenners gebruik om die verskillende tegnieke te demonstreer, besoek stokperdjieskoue waar ook heelwat demonstrasies gelewer word.
2. Handwerkwinkels is ook ŉ bron van groot inligting.

3. Handwerkboeke en tydskrifte.